basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V1

## NOVEMBER 2022

**PUNTE: 120**

**TYD: 3 uur**

**SENTRUMNOMMER:**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye en 1 vel manuskrippapier.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.

2. AFDELING A en B is VERPLIGTEND.

3. AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C **OF** D **OF** E).

4. Skryf AL die musieknotasie in AFDELING A met potlood en AL die geskrewe teks met blou of swart ink op hierdie vraestel.

5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C **OF** D **OF** E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag NIE hierdie bladsy verwyder NIE.

8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Kandidate moet let op die puntetoekenning van elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te gee.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**NASIENROOSTER**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| **A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)** | 1 | 15 | | |
| | 2 | 15 | | |
| | 3 | 15 | | |
| | 4 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **60** | | |

**EN**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (VERPLIGTEND)** | 5 | 10 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **10** | | |

**EN**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **C: IAM** | 6 | 20 | | |
| | 7 | 5 | | |
| | 8 | 5 | | |
| | 9 | 5 | | |
| | 10 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **50** | | |

**OF**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **D: JAZZ** | 11 | 20 | | |
| | 12 | 5 | | |
| | 13 | 5 | | |
| | 14 | 5 | | |
| | 15 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **50** | | |

**OF**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **E: WKM** | 16 | 20 | | |
| | 17 | 5 | | |
| | 18 | 5 | | |
| | 19 | 5 | | |
| | 20 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **50** | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **GROOTTOTAAL** | **120** | | |

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND) (90 minute)**

**Beantwoord AFDELING A op die VRAESTEL.**

**Beantwoord VRAAG 1**
**EN VRAAG 2.1 OF 2.2 OF 2.3**
**EN VRAAG 3.1 OF 3.2**
**EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

**VRAAG 1 (25 minute)**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




1.1 Na watter toonsoort moduleer die uittreksel in maat 5 tot $8^1$?

________________________________________ (1)

1.2 Benoem die interval by (a) volgens tipe en afstand.


________________________________________ (1)

1.3 Noteer die omkering van die interval by (b).



(1)

1.4 Herskryf die drieklank by (M) in die altsleutel en behou dieselfde toonhoogte.




(1)

1.5 Beskryf die drieklank by (N) volgens tipe en posisie.


________________________________________ (1)

1.6 Herskryf (X) deur dubbel die nootwaardes te gebruik. Dui die nuwe tydmaatteken aan.



(2)

1.7 Transponeer (Y) 'n volmaakte vyfde hoër. Dui die nuwe toonsoortteken aan.



(2)

1.8 Skryf 'n gepaste afgaande sekwens in maat 6 deur die motief by (Z) te gebruik. Skryf jou antwoord op die partituur. (1)

1.9 Bestudeer die toonhoogtes van die diskantsleutelparty in maat 1 en 2. Hou slegs hierdie toonhoogtes in gedagte en identifiseer die tipe toonleers.


________________________________________ (1)

1.10 Kies die Italiaanse term wat die teenoorgestelde as rit. (ritardando) beteken. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| | | |
|---|---|---|
| Accelerando | Morendo | Allargando |

(1)

1.11 Skryf die opgaande blues-toonleer vanaf die gegewe noot.



(3)
**[15]**


**VRAAG 2** **(25 minute)**

**Beantwoord ÓF VRAAG 2.1 ÓF VRAAG 2.2.**

2.1 Voltooi die aanvang hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiek- en artikulasie-aanduidings op geskikte plekke by.

Instrument: ____________________________

Tempo: ____________________________




Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | MAKS. | PUNT |
|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | 3 | |
| **Korrektheid**<br>Polse per maat, nootstele, groepering, spasiëring en toevallige tekens | 2 | |
| **Kwaliteit**<br>Toepaslikheid van instrument, tempo, artikulasie, dinamiek, musikaliteit | 10 | |
| **TOTAAL** | **15** | |


**[15]**

**OF**

2.2 Voltooi die aanvang hieronder in solfanotasie OF in balknotasie om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm vir stem te vorm. Noem die stemtipe en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiek-aanduidings op geskikte plekke by. Moet NIE lirieke byvoeg NIE. Gebruik slegs EEN notasiestelsel.

Stemtipe: ______________________________

Tempo: ______________________________




Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | MAKS. | PUNT |
|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | 3 | |
| **Korrektheid**<br>Solfanotasie: ritmiese en toonhoogte-aanduidings<br>Balknotasie: polse per maat, nootstele, groepering, spasiëring en toevallige tekens | 2 | |
| **Kwaliteit**<br>Toepaslikheid van omvang, tempo, dinamiek, musikaliteit | 10 | |
| **TOTAAL** | **15** | |

**[15]**

**VRAAG 3** **(10 minute)**

**Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

3.1 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.




3.1.1 Besyfer die akkoorde by (a) tot (h) op die partituur met Romeinse syfers, bv. vii$^{o6}$/vii$^{o}$b. (8)

3.1.2 Benoem die toonsoort en die kadens wat by (Z) gevorm word.

________________________________________ (2)

3.1.3 Lewer kommentaar op die akkoord in die laaste maat.

__________________________________________________

__________________________________________________ (1)

3.1.4 Benoem die tipe non-akkoordnote by (i) tot (iv).

(i) ________________________________

(ii) ________________________________

(iii) ________________________________

(iv) ________________________________ (4)
**[15]**

**OF**

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.




3.2.1 Identifiseer die akkoorde by (a) tot (h) en (j). Skryf akkoordsimbole in die spasies verskaf bokant die notebalk, bv. C/E. (9)

3.2.2 Benoem die kadens wat by (Z) gevorm word.

________________________________________ (1)

3.2.3 Lewer kommentaar op die gebruik van die F$^{b}$ in die diskantparty in maat 8.

________________________________________

________________________________________ (1)

3.2.4 Benoem die tipe non-akkoordnote by (i) tot (iv).

(i) ________________________________________

(ii) ________________________________________

(iii) ________________________________________


(iv) ________________________________________ (4)

**[15]**

**VRAAG 4** **(30 minute)**

**Beantwoord ÓF VRAAG 4.1 ÓF VRAAG 4.2.**

4.1 4.1.1 Demonstreer die gebruik van die leitoon-akkoord, gevolg deur 'n onvolmaakte kadens in die passasie hieronder.



(3)

4.1.2 Voltooi die vokale vierstemmige harmonisasie hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg.





Die harmonisasie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | MAKS. | PUNT |
|---|---|---|
| **Korrektheid**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering | 11 | |
| **Akkoordprogressie**<br>Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadens | 9 | |
| **Kwaliteit**<br>Musikaliteit, non-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit | 4 | |
| **TOTAAL** | **(24 ÷ 2) = 12** | |

(12)
**[15]**


**OF**

4.2 4.2.1 Voltooi die volgende harmoniese progressie deur akkoorde in die basparty in te vul. Gebruik halfnote.




4.2.2 Voltooi die stuk hieronder deur toepaslike harmoniese materiaal by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 en 2 gesuggereer word.






Die antwoord sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | MAKS. | PUNT |
|---|---|---|
| **Korrektheid**<br>Notasie, spasiëring, stemvoering ('voicing') | 11 | |
| **Akkoordprogressie**<br>Akkoordkeuse, korrekte gebruik van kadens | 9 | |
| **Kwaliteit**<br>Musikaliteit, non-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit | 4 | |
| **TOTAAL** | **(24 ÷ 2) = 12** | |

(12)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

**AFDELINGS B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (90 minute)**

**Beantwoord AFDELING B, C, D en E in die ANTWOORDEBOEK.**

## AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.5) neer, bv. 5.1.6 E.

5.1.1 Watter maatskappy bestuur meganiese regte?

A SAMRO
B CAPASSO
C SAMPRA
D RISA (1)

5.1.2 Die funksie van 'n opnamemaatskappy is om …

A musiekpartiture te redigeer.
B kopiereg aan die kunstenaar te betaal.
C nuwe musiek in 'n ateljee te vervaardig.
D Al die bogenoemde (1)

5.1.3 SAMRO is verantwoordelik vir die …

A uitreik van lisensies vir die uitvoer van liedjies.
B insamel van lisensiegelde van verbruikers sowel as die verspreiding van tantième.
C bestuur van beurse en kompetisies.
D Al die bogenoemde (1)

5.1.4 'n Komponis se regte met betrekking tot haar/sy musiek sluit die … in.

A kopiëring en verwerking van 'n werk
B opneem en verspreiding van 'n liedjie
C ontvangs van meganiese tantième vir lugspeeltyd
D Al die bogenoemde (1)

5.1.5 'n Persoon wat die elektroniese weergawe van 'n partituur voorberei, is die…

A redakteur.
B uitvoeringskunstenaar.
C vervaardiger.
D klankingenieur. (1)

5.2 Waarna verwys 'musiekroof' in gepubliseerde en opgeneemde musiek? (2)

5.3 Verduidelik die term *uitvoertantième*. (2)

5.4 Vir hoe lank is kopiereg in Suid-Afrika geldig? (1)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**Beantwoord AFDELING C (IAM)**
**OF AFDELING D (JAZZ)**
**OF AFDELING E (WKM) in die ANTWOORDEBOEK.**

## AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

## VRAAG 6

6.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.5) neer, bv. 6.1.6 E.

6.1.1 Die inheemse styl wat die grootste invloed op kwêla gehad het, is …

A mbaqanga.
B malombo.
C kwaito.
D marabi. (1)

6.1.2 Watter term word NIE met tradisionele inheemse Afrika-ritme geassosieer nie?

A Poliritme
B Swing
C Kruisritme
D Verstrengeling ('Interlocking') (1)

6.1.3 Watter aspek word met inheemse Afrika- vokale uitvoering geassosieer?

A A cappella
B Ululasie
C Krepitasie
D Al die bogenoemde (1)

6.1.4 'n Algemene akkoordprogressie wat in mbaqanga gebruik word:

A $I^{6}_{4}$ – IV – V – I
B I – IV – $V^{7}$ – I
C I – $IV^{6}$ – V – I
D I – IV – V – I (1)

6.1.5 Watter EEN van die volgende word NIE met roep en antwoord geassosieer NIE?

A Solo en koorrefrein
B Oorvleueling
C Izihlabo
D Gemengde strukturele vorm (1)

6.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (6.2.1 tot 6.2.3) neer.

6.2.1 Isitolontolo, Lekope, Tshigwana en Sekgapa is chordofone. (1)

6.2.2 *Kuke Kwagijim' Iveni* is 'n lied deur Mfaz' Omnyama. (1)

6.2.3 Maskanda is deur Umakhweyane beïnvloed. (1)

6.3 Beskryf *izibongo* soos dit in maskanda gebruik word. (2)

6.4 Verduidelik die gebruik van die volgende uitvoertegnieke:

6.4.1 Ukuvamba (1)

6.4.2 Umnqgokolo (1)

6.4.3 Onomatopoeia (1)

6.5 Beskryf die volgende prominente kenmerke soos dit in kwêlamusiek voorkom:

6.5.1 Melodie (1)

6.5.2 Harmonie (1)

6.5.3 Ritme (1)

6.6 Na watter musiekstyl verwys 'isimanje manje'? (1)

6.7 Voltooi die tabel hieronder deur die liedjies *Banana Ba Rustenburg* en *Wamuhle* met mekaar te vergelyk. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (6.7.1 tot 6.7.3) neer.

| | ***Banana Ba Rustenburg*** | ***Wamuhle*** |
|---|---|---|
| **Styl** | Kwêla | 6.7.1 |
| **Hoofinstrument** | 6.7.2 | Orrel |
| **Tonaliteit** | Majeur | 6.7.3 |

(3)
**[20]**

**VRAAG 7**


Verduidelik kortliks waaroor die lied *Melodi Yalla* gaan en waarom dit 'n goeie voorbeeld van mbaqanga is. **[5]**

**VRAAG 8**

Skryf aantekeninge wat die lied *See You Later* beskryf. Noem die kunstenaar/groep. **[5]**

**VRAAG 9**

9.1 Identifiseer die lied en betrokke kunstenaar/orkes in die uittreksel hieronder.




(2)

9.2 Verduidelik waar die musiekuittreksel in hierdie lied voorkom. Beskryf hoe die musiek op hierdie punt in die lied verander. (3)

**[5]**

**VRAAG 10**

Philip Tabane gebruik Afrika-spiritualiteit wat aan malombo-musiek 'n kenmerkende kwaliteit gee.

Skryf 'n opstel waarin jy verduidelik hoe Afrika-spiritualiteit Philip Tabane se musiek beïnvloed het. Verwys na TWEE van sy liedjies/albums in jou antwoord.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Afrika-spiritualiteit | 5 |
| Philip Tabane se musiek | 5 |
| Liedjies/Albums | 2 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

**OF**

## AFDELING D: JAZZ

### VRAAG 11

11.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (11.1.1 tot 11.1.5) neer, bv. 11.1.6 E.

11.1.1 Watter EEN van die volgende is 'n idiofoon?

A Mbira
B Banjo
C Saksofoon
D Djembe (1)

11.1.2 Watter EEN van die volgende is NIE 'n oorspronklike Suid-Afrikaanse jazz-styl NIE?

A Mbaqanga
B Blues
C Kwêla
D Marabi (1)

11.1.3 Die KORREKTE akkoordprogressie wat algemeen in mbaqanga gebruik word:

A $I^6_4$ – IV – V – I
B I – $IV^7$ – $V^7$ – I
C I – $IV^6$ – V – I
D I – IV – V – I (1)

11.1.4 Watter EEN van die volgende is NIE 'n prominente eienskap van jazz NIE?

A Improvisasie
B Sinkopasie
C Swing
D Botoonsang (1)

11.1.5 Die musikale oorsprong van kwêla is …

A Afrika-volksliedere.
B marabi.
C Amerikaanse swing.
D Al die bogenoemde (1)

11.2 Dui aan of die volgende stellings oor vroue-mbaqanga-groepe WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (11.2.1 tot 11.2.3) neer.

11.2.1 Die Dark City Sisters gebruik vyfledige vokale harmonieë om 'n donker en ryk toonkleur te skep.

11.2.2 Die vroue-mbaqanga-groepe het nooit 'n mansanger ingesluit nie.

11.2.3 Die musiek van die Mahotella Queens was kitaargedrewe. (3)

11.3 Noem DRIE stylkenmerke van Feya Faku se musiek. (3)

11.4 Met watter Suid-Afrikaanse jazz-styl assosieer jy die volgende?

11.4.1 Ragtime

11.4.2 Avant-garde (2)

11.5 Definieer enige TWEE van die volgende terme:

11.5.1 Substitusie

11.5.2 Comping

11.5.3 Improvisasie (2)

11.6 Noem EEN Suid-Afrikaanse orkes wat met jazz in ballingskap geassosieer word. (1)

11.7 Voltooi die tabel hieronder deur die Makgonatsohle Band met die Manhattan Brothers te vergelyk. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (11.7.1 tot 11.7.4) neer.

| | **Makgonatsohle Band** | **Manhattan Brothers** |
|---|---|---|
| **Harmoniese progressie** | Sikliese harmoniese progressie: I – IV – V – I | 11.7.1 |
| **Styl** | 11.7.2 | 11.7.3 |
| **Internasionale styl-invloede** | Blues/Rock 'n' Roll/Country | 11.7.4 |

(4)
**[20]**

**VRAAG 12**

Beskryf TWEE melodiese en DRIE ritmiese kenmerke wat *Banana ba Rustenburg* deur Spokes Mashiyane tipies van die kwêla-styl maak. **[5]**

**VRAAG 13**

Bespreek plaaslike en internasionale invloede op Zim Ngqaqana se musiekstyl. **[5]**

**VRAAG 14**

14.1 Identifiseer die uittreksel hieronder en die betrokke Suid-Afrikaanse sanger wat daarmee geassosieer word.



(2)

14.2 Beskryf hierdie lied met verwysing na die lirieke, stylkenmerke en spesifieke vokale kwaliteit wat aangewend word. (3)
**[5]**

**VRAAG 15**

Cape jazz is 'n unieke jazz-styl wat internasionaal erken word.

Skryf 'n opstel oor die Suid-Afrikaanse kenmerke wat Cape jazz herkenbaar maak en motiveer waarom Abdullah Ibrahim se musiek 'n uitstekende voorbeeld van hierdie styl is. Verwys na EEN van sy liedere/albums in jou antwoord.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Suid-Afrikaanse kenmerke | 5 |
| Abdullah Ibrahim se musiek | 6 |
| Lied/Album | 1 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: 50**

**OF**

**AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)**

**VRAAG 16**

16.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (16.1.1 tot 16.1.5) neer, bv. 16.1.6 E.

16.1.1 Die sing van meer as een noot vir 'n lettergreep van die teks word 'n … genoem.

A libretto.
B falsetto.
C ostinato.
D melisma. (1)

16.1.2 Die … is die enigste orkestrale slagwerkinstrument wat vir elke spesifieke werk deur die speler gestem word.

A tamboeryn
B timpani
C snaartrom
D bastrom (1)

16.1.3 Nabootsing in musiek is …

A 'n komposisionele tegniek.
B 'n melodie wat deur 'n ander instrument heraangebied word.
C die heraanbieding van 'n melodie in 'n ander stemparty in polifoniese tekstuur.
D Al die bogenoemde (1)

16.1.4 Watter EEN van die volgende sluit 'n ontwikkelingseksie in?

A Menuet en trio-vorm
B Drieledige vorm
C Rondovorm
D Sonatevorm (1)

16.1.5 'Scherzando' beteken …

A om die klank te versterk.
B op 'n aggressiewe manier.
C op 'n lighartige manier.
D om die tempo te versnel. (1)

16.2 Dui aan of die volgende stellings oor die ontwikkeling van opera WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (16.2.1 tot 16.2.3) neer.

16.2.1 Die camerata, stigters van opera, was in Frankryk gebaseer.

16.2.2 Monteverdi het die eerste vollengte-opera met die naam *Orfeo* gekomponeer.

16.2.3 CW Gluck was 'n opera-komponis uit die Barokperiode. (3)

16.3 Verduidelik die term *simfoniese gedig*. (2)

16.4 Voltooi die tabel hieronder oor die Romantiese kenmerke van Mendelssohn se *Hebrides Ouverture*. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (16.4.1 tot 16.4.3) neer.

| ITEM | ANTWOORD |
|---|---|
| **Dinamiek** | 16.4.1 |
| **Programmatiese kenmerk** | 16.4.2 |
| **Melodie** | 16.4.3 |

(3)

16.5 Die Mannheim-skool het 'n betekenisvolle rol in die ontwikkeling van verskeie komposisionele tegnieke gespeel. Noem enige DRIE van hierdie tegnieke. (3)

16.6 Beskryf in jou eie woorde wat Beethoven se *Pastorale Simfonie* uitbeeld. (1)

16.7 Voltooi die tabel hieronder deur die ontbrekende inligting oor die vierde beweging van *Beethoven se Simfonie Nr. 6* in te vul.

| PROGRAMMATIESE INHOUD | MUSIKALE VOORSTELLING |
|---|---|
| Ligte reën | 16.7.1 |
| 16.7.2 | Tremolo op die kontrabas en timpani |
| Weerligstrale | 16.7.3 |

(3)
**[20]**

**VRAAG 17**

Skryf 'n paragraaf waarin jy die struktuur en betrokke toonsoorte van rondovorm beskryf. **[5]**

**VRAAG 18**

Skryf 'n paragraaf oor die vyfde beweging van *Beethoven se Simfonie Nr. 6*.

Verwys na die volgende aspekte: titel, vorm, tempo-aanduiding, gebruik van openingsmotief en instrumentasie. **[5]**

## VRAAG 19

19.1 Identifiseer die komponis en werk waaruit die volgende uittreksel kom:



(2)

19.2 Noem waar hierdie uittreksel in die werk voorkom. Beskryf hoe die motief in die vier mate wat volg, gebruik word. (3)

**[5]**

## VRAAG 20

In die opera, *Die Towerfluit*, kontrasteer Mozart opgewekte karakters met ernstiger karakters.

Skryf 'n opstel waarin jy bespreek hoe die karakters Papageno en Sarastro gekontrasteer word. Toon die kontras met verwysing na die musikale eienskappe van die volgende arias:

- *Der Vogelfänger bin ich ja (Ja, ek is die voëlvanger)*
- *O Isis und Osiris*

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van jou opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Papageno: *Der Vogelfänger bin ich ja* | 6 |
| Sarastro: *O Isis und Osiris* | 6 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING E: 50**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou